

## **SNAPSCAN: Sinvolle gebruik van tegnologie om jou kerkbydrae te maak**

Ons poog om die proses om 'n verskeidenheid bydraes vir die kerk te maak, so gemaklik, veilig en eenvoudig as moontlik vir lidmate te maak. SnapScan is 'n maklike, veilige (en opwindende) manier om jou dankoffer, jeugoffer, uitreikbydrae, geloofsoffer, maandelikse gemeentebydrae, tiendemaand-bydrae of ander bydrae te maak.

### **Hoe betaal jy met SnapScan?**

Laai die toepassing ("app") af soos hieronder verduidelik:

- Soek jou selfoon se App Store vir die SnapScan inligting (soek dit in die "search" kolom), of besoek bloot die [www.GetSnapScan.co.za](http://www.GetSnapScan.co.za) tuisblad vir skakels na die Apple Store, Google Play en Blackberry Wêreld-platforms.
- Hou dan bloot jou slimfoon se kamera oor **die unieke Stellenberg-gemeente SnapCode, hier langsaan** vertoon. Dit word dan **geskandeer**. (Die unieke SnapCode is ook beskikbaar in die bulletin, by die kerkkantoor en op die webblad).
- Die "app" identifiseer Stellenberg-gemeente outomaties en vra jou om die **bedrag** te verskaf wat jy wil oorbetaal.
- Vul asb ook **die beskrywing van die inbetaling** in die aangeduide spasio in (**Jou naam** plus: Maandelikse dankoffer, Tiendemaand-bydrae, kosprojek, kampbydrae, en so meer).
- Jy verskaf dan **jou unieke en veilige PIN** om die transaksie te bevestig en te voltooi.
- Indien jy verkies om **nie jou naam** by die verwysing by te voeg nie, bly die kennisgewing **anoniem**. Indien jy dus 'n anonieme bydrae wil maak, nomineer jy in die verwysing net die begunstigde bediening/saak.
- Die kerkkantoor sal dan via SMS 'n kennisgewing van betaling ontvang, sowel as 'n e-pos dat die betaling gemaak is.

### **Vervang SnapScan die ander betaalmetodes?**

Nee, hoegenaamd nie. SnapScan is bloot 'n poging om nog 'n alternatiewe, veilige betaalmetode vir jou te bied. Jy kan jou bydrae maak op watter manier ook al vir jou die gerieflikste is. Die ander wyses van bydrae of betaling, te wete dankoffer koeverte, elektroniese fondsoorplasing (die sg EFT), debietorder, kontantinbetalings, dankoffers in die kerk en so meer, is belangrike instrumente om bydraes te maak. SnapScan gee net nog een addisionele kanaal. Talle Suid-Afrikaanse kerke regoor die land gebruik hierdie opwindende tegnologie reeds. SnapScan het selfs 'n spesifieke konsultant net om kerke en liefdadigheidsorganisasies te help met nommerpas SnapScan-dienste, aangesien donasies spesifieke vereistes het.

### **Sal dit op my foon werk?**

*SnapScan* is beskikbaar vir Apple iPhones, slimfone wat die Android-bedryfstelsel-sagteware gebruik, bv. Samsung en Nokia, asook die meeste BlackBerry-fone. Let daarop dat jy nodig het om BlackBerry World te installeer om tot die "app" winkel toegang te verkry.

### **Hoeveel data word gebruik om die "app" af te laai?**

Die SnapScan-app inligting is minder as 10 MB in grootte, afhangende van die foon wat jy gebruik. Netwerkoperateur datakoste is van toepassing vir die aflaai van die "app". Nadat jy die

program afgelaai het, gebruik elke transaksie ook baie min data (ongeveer dieselfde data en koste as 'n enkele Whatsapp-boodskap).

### **Wat is die voordeel daarvan om SnapScan te gebruik?**

Die inligting is beide gerieflik en veilig! SnapScan kan gebruik word om om jou kerkbydrae te maak, jou koffiewinkel betaling te doen, 'n huishoudelike item aan te koop of soortgelyke betalings te maak.

Meer as 14 000 handelaars en ondernemings maak reeds van hierdie betaalmetode gebruik. Om kontant en kaarte met jou rond te dra is dikwels 'n beslommernis én veiligheidsrisiko. SnapScan hou jou kaartbesonderhede veilig geïnkripteer op jou selfoon. Kontant kan gesteel word, jou kaart kan gekloon word om al jou geld by 'n OTM te onttrek, maar met SnapScan het jy beide 'n selfoon en 'n "app"-spesifieke PIN wat jou besonderhede beskerm.

### **Wat as ek nie 'n Standard Bank kliënt is nie?**

SnapScan werk met e-handel gekoppelde MasterCard- of Visa-kaarte van enige Suid-Afrikaanse bank. Wanneer jy jou kaartbesonderhede op die "app" verskaf, toets dit outomaties die kaart en verskaf 'n foutboodskap as die kaart nie ondersteun is nie.

### **Wat kos die transaksie vir Stellenberg-gemeente (of die begunstigde instansie)?**

Die gemeente betaal 'n transaksiekoste van 3% per transaksie, soortgelyk aan dié van die fasilitering van betalings met kredietkaarte. Die koste word dadelik gehef uit jou betaling en dan word die balans van jou gekose bedrag dadelik in die gemeente se rekening inbetaal. Die finansiële afdeling ontvang daaglikse state van SnapScan wat elke transaksie, die koste en die oorbetalde waarde reflekteer.

### **Waar kry ek nog meer inligting?**

Op [www.getsnapscan.co.za](http://www.getsnapscan.co.za) is daar videogrepe wat stap vir stap wys hoe die "app" werk en hoe gerieflik oorbetalings gedoen kan word.